



Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

**40 DAE REEKS in aansluiting by die BYBELGENOOTSKAP
VAN SUID-AFRIKA SE 200^{STE} BESTAANSJAAR!**

"Your Committee have now the satisfaction to state that on the 23rd of August in the last year (1820) a Society was formed at the Cape of Good Hope under the designation of the South African Bible Society."

Hierdie paragraaf uit die 1821-Jaarverslag van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap is die bewys van die amptelike begin van Bybelwerk in Suid-Afrika. Vandag is die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n nie-winsgewende maatskappy wat uit vyf streke bestaan, met sy hoofkantoor in Bellville, Kaapstad. Verskillende kerkgenootskappe is lede van die Bybelgenootskap.

<https://www.bybelgenootskap.co.za/>

Liewe Lidmaat, met dié dat die Bybelgenootskap vanjaar 200 jaar oud is en ons dit op 'n manier wil vier, het ons as Leraarspan dit goedgevind om met **ons 40 dae-reeks** vanjaar aan te sluit by 'n reeks wat deur NG Witrivier opgestel is.

Vanjaar se reeks begin op Sondag 2 Augustus, en eindig op Sondag 6 September. Ongelukkig kan ons nie vanjaar soos ons

JAARTEMA: Saam delf ons in die WOORD

gewoonte is weekliks in ons Omgeegroep byeenkom om verder te besin oor die Sondag se preek (Saampraatpapier) of die temas aan die hand van 'n DvD en 40 dae-reeks boekie nie.

U gaan egter op Sondag die eredienste/preke aangaande die volgende 6 Temas kry, asook 'n dagstukkies/Skrifteks/'n vraag of 2 om oor na te dink aangaande die vorige Sondag se tema/preek.

Oorhoofse tema van 40 dae-reeks: GOD SE ASEM TUSSEN BLADSYE


Temas vir die 6 Sondae:

1. **Wanneer God fluister...**
2. **Om God te Google...**
3. **Asem in...Asem uit...**
4. **Om te boer in die Bybel...**
5. **Spieëltjie spieëltjie in my hand...**
6. **Kweek die regte aptyt...**

Liewe Lidmaat, mag hierdie reeks tot seën vir ons wees, en tot eer van God.

Seëngroete,

DsLeonTaiT





Krag van positiewe gebed

*Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle
dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.*

Markus 11:24

Dis 'n feit dat dit wat jy met intensiteit begeer en helder visualiseer in jou lewe bewaarheid sal word.

Hierdie feit plaas die verantwoordelikheid op jou om jou gebedsversoeke met groot omsigtigheid te doen. Omdat jy God liefhet, sal jou versoeke verband hou met wat jy glo sy wil vir jou lewe is. Jy moet die hulp van die Heilige Gees aanvaar in die vorming van jou denkpatriene. Dis die enigste manier waarop jy begede sal hê wat kan inspireer, genees, bemagtig, en jou voete sal plaas op die pad van geen verwyte nie.

Maak jou gebede oop vir die invloed van die Heilige Gees en vorm sterk denkpatriene onder sy leiding.

*Here, help my sodat gedagtes wat
deur die Heilige Gees geïnspireer is,
die gebede van my hart sal word. Amen*

Ozroveh S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 9 Augustus





WATTER WAARDE HET DIE BYBEL?

Dit bring die goeie nuus: Die Bybel bring die goeie nuus van die evangelie van Jesus Christus. Dit vertel die geloofsverhaal van hoe Jesus as enigste seun van God aan 'n gebroke wêreld nuwe hoop gebring het.

Dit vertel van die waarheid: Christus is die waarheid (Johannes 14:6). Die Bybel gaan oor Christus. In die woorde van 2 Timoteus 3:16-17 het die Skrif groot waarde om gelowiges in die waarheid te onderrig en weg van alle valshede te lei. Wat 2 Timoteus oor die Ou Testament bely, is baie gou deur die vroeë Christene van die ganse Bybel beaam.

Dit vertel hoe die mens verlos kan word: Paulus sê in Romeine 10:8-10 "Juis dit is die boodskap van geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en jy glo met jou hart dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word. Want met die hart glo ons, en word so vrygespreek; met die mond bely ons, en word so verlos."

Dit vertel hoe ons daaglik voor God moet leef: Die Bybel is vol riglyne hoe ons ons lewe elke dag moet inrig. Die Tien Gebooie en die bergpredikasie in Matteus 5 is byvoorbeeld duidelike riglyne hoe elke gelowige uit dankbaarheid voor God moet lewe.

Dit vertel van geloof en hoop: Die Bybel vertel dat daar 'n lewe na die dood is en dat ons ons hoop op Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het, moet vestig. Dit vertel dat ons nou reeds deel het aan daardie hoop. Die Bybel bring hoop in 'n deurmekaar wêreld.

Bostaande is verkry by https://www.bybelgenootskap.co.za/images/stories/Year_of_the_Bible/THE_BIBLE_HOPE_FOR_ALL_BOOKLET_AFR.pdf



HOE LEER MENS CHRISTUS UIT DIE WOORD KEN?

Dit is duidelik dat die ganse Nuwe Testament oor Jesus gaan deurdat elkeen van die 27 boeke daarin by name na Hom verwys. Die vier Evangelies stel Jesus bekend deur van sy woorde en sy daade te vertel. Vir hulle skrywers kan Jesus se woorde nie los van sy daade verstaan word nie en is albei ewe belangrik om Jesus te leer ken.

Die ander boeke van die Nuwe Testament stel Jesus bekend deur op die betekenis van sy dood en opstanding vir hul lesers te fokus. So vertel Paulus weinig van Jesus se aardse lewe maar fokus eerder op die betekenis van Jesus se dood en opstanding vir die lesers. Die Nuwe Testament wil nie net vir Jesus as 'n historiese figuur bekendstel nie. **Dit wil Hom bekendstel as die Een wat ons verhouding met God herstel het.**

Waar Jesus en die betekenis van sy lewe, dood en opstanding direk in die Nuwe Testament aan die orde kom, **wys die Nuwe Testament terugskouend daarop dat Hy die verhaal van hoop in die Ou Testament kom vervul het.** Terwyl boeke in die Nuwe Testament dit dikwels duidelik stel dat hulle ten doel het om geloof in Jesus te wek (Johannes 20:30-31) of te versterk (Lukas 1:1-4; 1 Johannes. 5:13) **bied die Ou Testament die noodsaaklike raamwerk om Jesus se lewe te kan verstaan.**

Voordat die geskifte geskryf is, wat later as die Nuwe Testament bekend sou staan, het **die vroeë Christene** 'n versameling van 39 boeke gehad wat hulle van die Joodse geloof geërf het. Die "Skrifte", soos hierdie boeke onder die Jode en Christene bekend

was, is deur die Christene op 'n eiesoortige wyse gelees om sin van Jesus se lewe en dood te maak. Hulle het die Joodse Skrifte, wat vandag in die Bybel as die Ou Testament bekendstaan, op Jesus van toepassing gemaak.

Vir hulle was die verhaal van Jesus, soos vertel in die vier Evangelies, nie 'n nuwe verhaal nie maar eerder die voortsetting en vervulling van die verhaal van die Ou Testament. Nie alleen is die Evangelies soos Matteus en Lukas deur Jesus se geslagsregister aan die Ou Testament gekoppel nie, maar daar is honderde aanhalings (Matteus 2:18) en verwysings (Matteus 11:3) na tekste in die Ou Testament in die Nuwe Testament wat dit daarmee verweef.

Samevattend kan dus gesê word dat die Ou Testament van God se verbond met Israel vertel en dat die hoogtepunt van daardie verbond sy voorsiening van 'n Verlosser vanuit Israel vir die hele wêreld is, waarvan die Nuwe Testament meer vertel.

Bostaande is verkry by [https://www.bybelgenootskap.co.za/images/stories/Year_of_the_Bible/](https://www.bybelgenootskap.co.za/images/stories/Year_of_the_Bible/THE_BIBLE_HOPE_FOR_ALL_BOOKLET_AFR.pdf)
[THE_BIBLE_HOPE_FOR_ALL_BOOKLET_AFR.pdf](https://www.bybelgenootskap.co.za/images/stories/Year_of_the_Bible/THE_BIBLE_HOPE_FOR_ALL_BOOKLET_AFR.pdf)



WEGNEEMETES (Vanaf 6 Januarie beskikbaar vanaf 13:00)

Huis Janri verskaf heerlike boerekos middagetes/aandetes vir wegneem

Sondae 2 gang R60

Maandae tot Donderdae R45

Kontak Marie by 082 6204 545(whatsapp) 082 698 3290(sel)

Huis Janri Tehuis vir Bejaardes Ben Swartstraat 593 Gezina

Gelde word aangewend vir opgradering



Waarop moet ons nou fokus?

Opmerkings uit Die Sentrum vir Publieke Getuienis vergadeing.

1. **Burgerlike gehoorsaamheid en selfdisipline** is nou van ontsaglike belang. Sou dit nie gebeur nie, kan ons ons regmaak vir of groeiende anargie of 'n stortvloed van regulasies. Elke burger se verantwoordelikhedsvlakke behoort nou te styg. Ons is van mening dat inperkings algaande verslap moet word, maar dat ons verantwoordelikheid en selfdisipline verhoog moet word.
2. Oor armoede glo ons dat ons in die nabye toekoms nuwe en **ongekende vlakke van armoede en ongelykheid** gaan sien. Covid-19 het terselfdertyd die sistemiese en strukturele ongelykheid in ons samelewing kom blootlê. Ons sien die ongelykheid nie net in inkomste en voedselsekuriteit nie, maar ook in basies ander dinge soos ruimte tydens inperking, toegang tot mediese dienste, data en kommunikasiemiddele soos ZOOM.
3. Ons is oortuig daarvan dat 'n **nuwe ekonomie** die lig sal sien na Covid-19, maar voel net so sterk daarvoor om nou reeds die vroeë te vroeë oor watter ekonomiese modelle die ekonomie gaan beheer en domineer.
4. Die woord **bemagtiging** word baie gebruik. Die vraag is egter hoe mense reeds tydens die grendeltyd bemagtig kan word om in en na die tyd deel te word van die ekonomie. Tans word kos te waarde van miljoene rande uitgedeel. Ons bemagtig nie regtig mense so nie, maar kan self 'n afhandelingskultuur versterk.
5. Intussen is dit belangrik om ons fokus te verskuif ook na die **breër nood** in ons gemeenskappe. Die behoefte is inderdaad meer as net kospakkeis. Sommige mense het nie meer geld om die kos gaar te maak nie. Ons sien kollegas wat nie meer kos op die tafel het nie en lidmate wie se besighede op die rand van bankrotskap staan. Ons sien eensaamheid onder bejaardes en verwarring en selfs woede onder die breë bevolking. Trauma, wat reeds deel van ons samelewing was, verhoog steeds. Dit is uiters belangrik dat gemeentes nou deur 'n ruim en sensitiewe pastorale lens sal kyk.
6. Die bestuurspan is ten slotte oortuig dat hierdie tyd 'n gulde geleentheid skep om ons **strewe na eenheid** verdere konkrete uitdrukking te gee. Die tyd daag ons uit, skep 'n geleentheid, maar kan ons ook hard oordeel, sou ons nou by mekaar verbygaan. Ons is baie dankbaar oor die netwerke wat reeds op plaaslike en sinodale vlakke gevorm is en in die dae verstewig word. Dalk is dit nou die tyd om die volgende tree met moed te gee. Indien ons nie hierdie onreg van die twee kerstrukture (NG, VGK)

regstel nie, is al ons prysenswaardige liefdadigheid slegs 'n tiende van koljander en anys en nie die geregtigheid wat die wet van Woord van God vra nie (Mat 23:23).

Die vraag is: **waar laat dit die kerk?**

- Meer as ooit behoort die volgende waardes gekommunikeer te word:
- Die prysgawe van die self- en eiebalang.
- 'n Nuwe beklamtoning van ware mededeelsaamheid.
- 'n Lewe van dankbaarheid.
- 'n Gees van onderskeiding en fyn aanvoeling.
- Burgerlike gehoorsaamheid en verantwoordelikheid.
- 'n Kritiese aveluering van ou ekonomies modelle asook besinning oor nuwe moontlikhede.
- 'n Konstante waaksaamheid om nie toe te laat dat die grendeltyd ons verder in ons eie gemaksones sal laat terugtrek nie.
- 'n Grondhouding van afhanklikheid.

Llewellyn MacMaster & Braam Hanekom, namens Taakspan Sentrum vir Publieke Getuienis, 14 May 2020

<https://af.publiekegetuienis.org/covid-19>



CENTRE FOR PUBLIC WITNESS




DEPARTMENT OF HEALTH

Save this number,
send a WhatsApp
message "Hi" in the
message block and
stay updated with any
news of COVID-19.

060 012 3456

COVID-19 #CORONAVIRUS



How to Forgive

Pray
(Matthew 5:44)

Love and do good to the offender
(Romans 12:9)

Don't speak poorly of the offender
(Romans 12:14)

Release them from your punishment
(Romans 12:17-19)

Don't celebrate their failures
(Proverbs 24:17)

**Treat them the way you
want to be treated**
(Luke 6:31)

Stop dwelling on the past
(Isaiah 43:18)

www.SunshyneGray.com
Biblical Christian Counseling

NG Kerk Rietfontein-Suid

Finansiële Verslag vir 1 Januarie 2020 tot 30 Junie 2020

Inkomste vir die tydperk 1 021 465

Uitgawe vir die tydperk 971 778

Netto Fondse 49 687

Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil maak met julle dankoffers.

SPRING

Happy Go Lucky Bouncing Fun

!!Kindervermaak!!

Springkastele, glybane en vele meer te huur vir kind-
er-partytjies, einge tipe funksie,ens

Kontak Jaco Malan @ 064 461 7903



Happy Go Lucky Bouncing Fun



*The Master-workman surely has a right to use
any tool He pleases for His own work, and it is
plainly not the business of the tool to decide
whether it is the right one to be used or not.*

“
WORRY
does not empty
TOMORROW
of its sorrows; it empties
TODAY
of its strength.
”

- Corrie Ten Boom

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u
bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100